
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Dis Lewensbelangrik om die Woord van God te bestudeer!

Alles in verband met God is belangrik. Die samekoms van die Gemeente (die Liggaam van Christus op aarde) is baie belangrik. Om God te loof en prys en eintlik God te geniet, is baie belangrik. Maar om kennis te hê van die Woord van God, is die belangrikste! As Kinders van God moet ons 'n deeglike fondasie lê waarop ons ons geestelike huis bou, anders sal dit nooit kan bly staan teen die storms van die lewe en aanslae van Satan nie. **Want dis juis hier waar ons swak is weens gebrek aan kennis (Hosèa 4:6).** Hier waar ons die kwesbaarste is. En glo my, Satan weet maar al te goed waar ons swak plekke lê. Dis daarom dat ons moet teruggaan na die fondasie van ons geestelike gebou en kyk waar ons kan versterkings aanbring, sodat ons kan staande bly en weerstand bied teen die aanvalle van buite.

Die rede waarom ons die Woord van God moet bestudeer, is omdat dit God se Woord aan die mens is.

Ps. 19:8: Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van de Here is gewis; dit gee wysheid aan die eenvoudige.

Dink jy dalk jy is 'n eenvoudige persoon? Daarom wil God hê dat jy Sy Woord moet lees sodat jy kan wysheid verkry en nie onkundig moet wees nie.

Ps. 19:9: Die bevele van die Here is reg; hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer; dit verlig die oë. 10: Die vrees van die Here is rein; dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die Here is waarheid – tesame is hulle regverdig. 11: Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuningstroop. (Hy gebruik hierdie beelde van goud en heuning omdat dit uit ons alle daagse lewens spruit – pragtige uitbeeldings van dit wat kosbaar is en baie lekker is).

Die Woord van die Here is lewendig en dis 'n opwindende besef dat die Bybel wat jy in jou hande hou LEWENDIG is!

Heb. 4:12: Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Het jy al gevoel dat jy wil uitroep, wanneer die leraar preek onder die salwing van die Heilige Gees: "Iemand moes vir die leraar vertel het waar ek bly, want hy lees my nou eintlik soos 'n oop boek voor die hele gemeente!" Miskien bloos jy selfs soms want jy weet jou vrou is bewus van sekere dinge waarvan die leraar vertel! Maar nee, dis die Woord van God wat LEWENDIG is en dit kan die gedagtes en bedoelings van die mens ondersoek en onderskei. Daarom is dit belangrik om SELF die Woord te bestudeer.

Die volgende skrifteksie is ook belangrik en besonder mooi en kwalifiseer die mag van die Woord van God. Die Bybel soos dit drukwerk op papier is, is leweloos, maar kyk wat staan in **1 Thess. 2:13: Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die Woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar soos dit waarlik is, as die WOORD VAN GOD WAT ook WERK in julle wat GLO.**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Lewensbelangrik….)

Baie mense sê: "Ek glo nie die Bybel nie – ek glo nie al die dinge wat daar geskrywe staan nie." Nou ja, hulle sal ook dan nooit daardie krag ontvang wat in die Woord van God is totdat hulle dit glo nie! Want jy kan gedurig die inhoud van die Bybelboek lees, maar as jy nie die inhoud daarvan GLO nie, beteken dit niks nie, daarom dat dit sò belangrik is om die Woord te lees en te bestudeer en bo alles, OM DIT TE GLO. Soos ons lees, word dit vir ons DIE LEWE SELF (Rom. 10:17). **2 Tim 3:15: En dat jy van kleins af die heilige skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.** Vers 16: **Die HELE SKRIF is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing tot onderwysing in die geregtigheid** (Lewende Bybel uitgawe). Die hele Skrif kom van God af en dit help ons om te weet wat die waarheid is en wys ons hoe om 'n verkeerde leer teë te gaan. Die Skrif wys ons ook as daar iets in ons lewe verkeerd is en leer ons om so te lewe soos God wil hê.

Waarom moet ons dus die Woord van God bestudeer? Want God het ons Sy Woord gegee vir hierdie vier gebiede: leerstellings, weerlegging, teregwysing en onderwysing. Twee positiewe en twee negatiewe areas, en ons het hulle almal nodig.

Ons weet die Bybel is in ons midde gelê deur die Heilige Gees Self. **2 Pet 1:20 en 21: Terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.**

Die Bybel is gegee deur die inspirasie van God, en die Gees het die Woord voortgebring. God het onfeilbare openbaringe gegee aan 40 feilbare manne oor 'n periode van 1600 jaar, tog oorvleuel hulle mekaar sonder enige weerspreking. Vir my is dit een van die grootste wondere van die Woord van God! Dit is 'n baie groter wonderwerk as wat sommige mense vertel van spesiale goue tablette wat hulle onder 'n rots gevind het, geskryf deur 'n engel. NET DIE HERE kan die wonderwerk van 40 verskillende mense wat oor 'n periode van 1600 jaar skryf en hulle geskrifte so lieflik in mekaar laat vloei sonder enige teenstelling doen! Kom ons lees **1 Kron. 28:11: En Dawid het aan sy seun Salamo 'n voorbeeld gegee van die voorportaal en die daarby behorende geboue, van sy skatkamers en sy bovertrekke en sy binne vertrekke en van die vertrek van die versoendeksel. Vers 19: Dit alles – al die werke van die voorbeeld – het Hy my geleer volgens 'n beskrywing uit die hand van die Here wat oor my was.** Hier praat Dawid van hoe God Sy Hand op hom gelê het en die patroon of plan van Sy huis eintlik op hom geskryf het. Dit was duisende jare gelede in die Ou Testament. Vandag in hierdie laaste dae doen God vir ons dieselfde: Hy skryf Sy Woord op ons harte en maak aan ons bekend die plan van Sy huis, Sy tempel, wat elke Kind van God is.

Hoekom is die Bybel verdeel in twee Testamente? Dis baie belangrik dat ons dit sal verstaan, want daar is baie mense wat daarmee spog dat hulle Nuwe Testamentiese Christene is. Dis waar dat ons in die nuwer verbond is, maar baie meen dat die ou Testament nie belangrik is nie – hulle reken dat die ou Testament slegs daar was vir 'n sekere ras mense en glad nie verband hou met hulle vandag nie. Ek dink hier is 'n groot mistasting.

Lees Jes. 28:9: Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is. Vers 10: Want dit is gebod, gebod op gebod, reël op reël op reël hier 'n bietjie, daar 'n bietjie.

Hierdie is die prinsiep waarop God Sy Woord aan ons voortbring. Die Woord van God is:

1. Dit is God se voortgaande openbaring, ou en nuwe Testament, en voordat ons dit nie verstaan nie sal ons nie die Bybel reg kan waardeer nie. Dis voortgaande, die een volg op die ander. Dit skakel in mekaar en is nie los stukke nie asof God een ding vir 'n tyd lank probeer het en dit het nie goed uitgewerk nie, toe probeer Hy weer iets anders en dit het nie goed gewerk nie, toe finaliseer Hy alles deur die nuwe Testament te skryf en die hele verlede net weg te gooi en te vergeet want dit het in elk geval nie gewerk nie! As jy so 'n standpunt inneem maak dit van jou 'n kwesbare Christen! Die Bybel vanaf Genesis tot Openbaring is 'n voortgaande ontvouing van die Woord van God, en God se handelswyse met die mens in die ou Testament ontvou dwarsdeur die Ou Testament en is voorbereidend en inleidend vir die Nuwe Testament.

2. Die Ou Testament is voorbereidend en inleidend vir die Nuwe Testament en daar is geen wyse waarop jy die Ou Testament kan lees sonder dat jy besef dit wys alle heen na iets anders, iets wat nog moet kom.

3. Die Ou Testament is gevul met tipes en skadu's van die Nuwe Testamentiese Kerk.

1 Kor. 10:11: Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Lewensbelangrik…)

wie die eindes van die eeue gekom het. Hier praat God van die Israel van ouds. Elke gelowige behoort hierdie teks te verstaan: dis waarom ons twee dele in die Bybel het, die ou verbond en die nuwe verbond, die ou Testament en die nuwe Testament. 'n Man het eendag vir my gesê dat hy net in Jesus se woorde glo, al die ander dinge is onbelangrik. Dis egter nie die Bybel se gesindheid nie!

Rom. 15:4: Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.

Ek wonder watter Bybel die vroeë kerk saamgedra het, dit wat tevore geskrywe is, hulle bemoedig sou word. Miskien die King James Bybel – wat dink jy? Nee, dit was die boekrolle van die ou Testament waaruit hulle lewe en hoop gestrek het!

Heb. 8:5: Hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelik bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.

Let op dat die afbeeldsels en skaduwees (van die Ou Testament) ons bedien om beter te verstaan.

Heb. 10:1: Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie….

Die skaduwee is nie die ware dinge nie, dit wys na die ware. Wanneer jy 'n skadu sien weet jy die persoon (die ware ding) kom nog. Die ware ding maak die skaduwee. Deur na die skadu van die Ou Testament te kyk, is jy in staat om die ware van die Nuwe Testament soveel beter te begryp.

2 Kor. 4:18: … want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

Rom. 1:20: Want sy onsigbare dinge kan in sy werke verstaan en duidelik gesien word…

God het dinge gemaak wat ons kan sien sodat ons die onsigbare dinge kan verstaan. As jy dus waarlik die geestelike huis van die Here (die kerk is geestelik van aard) wil verstaan, en hoe dit funksioneer en die prinsiepe daarvan, gaan dan terug na dit wat jy kan sien. En dit is die ou Testamentiese tipes en skadubeelde. Hulle was letterlike voorwerpe: werklike wolke en vuurpilare: En deur te verstaan hoe die kinders van Israel werklik deur die woestyn gegaan het, kan jy geestelike waarhede begryp, wat die doel is van die Ou Testament. Dis die doel daarvan: om ons wat in die eindtye lewe te help om die weë van God te begryp.

Wat die Ou Testament aanbetref is dit korrek om te sê dat die nuwe in die oue is, en die oue in die nuwe verduidelik word. Elkeen is onvoltooid sonder die ander en hierdie begrip sal ons laat besef dat ons maar 'n baie onvolledige Bybel sou gehad het sonder die Ou Testament – daarom die twee dele in die Bybel. Daar is honderde aanhalings en al manier waarop jy die terme kan verstaan is om terug te verwys na die Ou Testament en te lees waaroor daar gepraat was. Dink maar aan die priesterskap en die offerandes en die salwing, om maar 'n paar te neem. Dan is daar die gedagte dat die Skrif sy eie interpreteerder is. Ons fouteer dikwels in die kerk deur 'n woord wat ons in die Bybel vind te gaan naslaan wat 'n bekende Bybel verklaarder daarvan sê, die beter verklaring is IN DIE WOORD SELF. Want jy sien, die Nuwe Testamentiese Kerk het nie geleerde Bybelverklaardes gehad nie. Hulle het net die ou boekrolle gehad en as hulle nie iets verstaan het nie het hulle by die Heilige Gees gaan aanklop wat vir hulle insig gegee het, wat hulle dan in die Nuwe Testament neergeskryf het VIR ONS inligting. Is dit belangrik om die leerstellings van die Bybel te verstaan? Die huidige trant van die Heilige Gees waarin ons beweeg is die van PRAKTIESE CHRISTELIKHEID. Het jy dit agtergekom: praktiese Christelikheid is waarin God die Heilige Gees ons lei. Maar hierin lê ook 'n gevaar opgesluit, want ons kry dat baie mense sê: Dit maak nie saak wat jy glo nie, ons is maar sondaars en dis goed genoeg dat ons albei Christene is. Halleluja! EN dis in 'n groot mate waar, maar die Bybel onderskei baie duidelik tussen twee lewenswyses. Hoe belangrik is leerstellings (dit wat jy glo)? Ons sê maklik hulle maak nie saak nie, dis om God en mekaar lief te hê wat tel, maar wat van leerstellings?

In Ef. 4, daardie mees insiggewende hoofstuk in die Bybel wat vir ons vertel van die gawes wat Christus aan die Kerk gegee het, die bedienings gawes: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (vers 11), lees ons in vers 12 waarom hulle gegee is: **om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus.**

Hierdie voorafgemelde bedieninge is dus in die kerk gestel om die gelowiges te stig, op te bou. En as die mense nie die leerstellings wil aanvaar wat deur hierdie bedieninge voortkom nie, vind vers 14 plaas: **sodat ons nie meer kinders sal wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering…** Baie mense sê: Ek glo nie allerhande goed nie. Ek het net vir Jesus lief en dis al wat saak maak. As jy so 'n mens is, is jy waarskynlik

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Die Lewensbelangrik….)

die mees kwesbaarste persoon vir Satan se aanvalle! (Joh. 10:10) Want jy is in 'n vloeibare toestand reg om opgevang te word deur enige verleidelike of slim praatjies omdat JY NIE WEET WAT JY GLO NIE! Dis daarvan dat die Woord praat, dat jy soos golwe heen en weer geslinger sal word deur die lering, bedrieëry en sluheid van menslike dwalinge...

Ons weet ons lewe in die tyd dat Satan die Liggaam van Christus aanval met alles tot sy beskikking, want sy tyd het min geword. Een van sy subtielste aanvalle is deur middel van allerhande foutiewe leerstellings! Daarom is dit uiters belangrik dat ons DIE LEERSTELLINGS VAN JESUS CHRISTUS sal ken en verstaan. God verlang dat ons sal WEET WAT ONS GLO, dat ons voete sal staan op die WOORD sodat wanneer die winde van leerstellings kom en iemand sê: Kom luister na hierdie nuwe openbaring, jy sal weet wat jy glo en nie jou ore sal uitleen nie!

Dis belangrik dat jy die fundamentele leerstellings van die Bybel sal verstaan, dat jy sal weet waar staan die Kerk waar jy aanbid, en dat jy voorbereid sal wees op die winde wat in die laaste dae sal waai en wat jou wil verlei en wil verstrengel.

Maar laat ek hier ook tog net 'n ernstig woord van waarskuwing rig in lyn met wat ek al keer op keer in die nuusbriewe en in ons boeke gesê het: MOENIE VASSIT IN DIE OORLEWERING EN TRADISIES VAN MENSE WAT GOD SE WOORD KRAGTELOOS MAAK NIE! (Matt. 15:6-9) Dis net so gevaarlik as om nie seker te wees van wat jy glo nie!

Kan jy nou verstaan dat 'n Kind van God nooit sonder bybelstudie en kennis van die Bybel kan groei of kan staande bly in hierdie tye nie. God beteken vir 'n mens net soveel as wat Sy Woord vir jou beteken! Jy kan dus nie sê jy het Hom lief en net afskeeptydjies aan Sy Woord bestee nie!

Die woord leerstelling beteken eenvoudig onderwys of instruksie oor 'n sekere onderwerp. Alle leerstellings kan verdeel word in twee groepe: die leerstellings van God of die leerstellings van die duiwel. Die inhoud van die leerstellings is die woord: OF DIE WOORD VAN GOD, OF DIE WOORD VAN SATAN. God se leerstellings is die Gees van Waarheid.

Daar is mense wat sê dit maak nie saak WAT jy glo nie, maar wel WIE jy in glo. Dit klink baie geestelik maar dis misleidend, want WAT jy glo het 'n geweldige invloed op jou ganse wese en omstandighede. WAT jy glo bepaal jou karakter (wie jy is), jou dade (wat jy doen) en jou destinasie (waar jy heengaan).

Daarom die UITERSE NOODSAAKLIKHEID om jou karakter, aksies en bestemming deur die leerstellings van God te laat bepaal, gevolglik is dit LEWENSBELANGRIK om die Woord van God te bestudeer. ●

THEREFORE IF THOU BRING THY GIFT TO THE ALTAR …. (MATT. 5:23)

Therefore if thou bring thy gift to the altar, and there rememberest that thy brother hath ought against thee; Leave there thy gift before the altar, and go thy way; first be reconciled to thy brother, and then come and offer thy gift.

If there is one thing which saddens the heart of God and brings separation between God and His child, it is unforgiveness in the heart of man. Usually the consequences are very heartbreaking, because the man with bitterness in his heart towards his brother, forfeits all the blessings God wants to pour out on his life, and he cannot claim any of God's promises in Mark 11:22-24 that He will answer all our prayers, but sets out His conditions in Mark 11:25-26 – VERY IMPORTANT!

Let's read Matt. 18 verses 23 to 35 prayerfully.

Therefore is the kingdom of heaven likened unto a certain king, which would take account of his servants. And when he had begun to reckon, one was brought unto him, which owed him ten thousand talents. But forasmuch as he had not to pay, his lord commanded him to be sold, and his wife, and children, and all that he had, and payment to be made. The servant therefore fell down, and worshipped him, saying, Lord, have patience with me, and I will pay thee all. Then the lord of that servant was moved with compassion, and loosed him, and forgave him the debt. But the same servant went out, and found one of his fellow servants, which owed him an hundred pence: and he laid hands on him, and took him by the throat, saying, Pay me that thou owest. And his fellow servant fell down at his feet, and besought him, saying, Have patience with me, and I will pay thee all. And he would not: but went and cast him into prison, till he should pay the debt. So when his fellow servants saw what was done, they were very sorry, and came and told unto their lord all that was done. Then his lord, after that he had

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Therefore if thou….)

called him, said unto him, O thou wicked servant, I forgave thee all that debt, because thou desiredst me: Shouldest not thou also have had compassion on thy fellow servant even as I had pity on thee? And his lord was wrath, and delivered him to the tormentors, till he should pay all that was due unto him. So likewise shall my heavenly Father do also unto you, if ye from your hearts forgive not everyone his brother their trespasses.

Verse 25: For as much as he had not to pay ….. Who is this he? You and me of course – we can never pay our debt to the Lord, it is just far TO BIG. We cannot earn forgiveness. We actually deserve hell. Even if we become the slaves of God, our account with Jesus will not be paid.

But, praise God, He had great compassion for us (verse 27) and sent Jesus to Calvary, and He paid for our debts with His Blood. And that is the only reason why we can be forgiven, not from anything that we have deserved. Our BIG debt is cleared – Hallelujah!

The parable goes on. Verse 32: O thou wicked servant, I forgave thee all that debt, because thou desiredst me; Shouldest not thou also have had compassion on thy fellow servant, even as I had pity on thee? And his lord was wroth, and delivered him to the tormentors …. So likewise shall my heavenly Father do also unto you, if ye from your hearts forgive not everyone his brother their trespasses.

Listen again to Jesus: Likewise … Likewise we will be delivered into the hands of the tormentors by the Heavenly Father if we persevere in unforgiveness.

For a moment let's look at Matt. 18 where Peter asks Jesus the following questions: Lord how oft shall my brother sin against me, and I forgive him? Till seven times? Jesus replies: I say not unto thee, Until seven times: but, Until seventy times seven. (verses 21&22). That is 490 times. When you have forgiven a person that many times, it has become a habit with you to forgive! But Jesus does not tell you that is the limit – He actually infers that you must stick to the habit of forgiving!

Who or what are these tormentors to who we will be delivered if we do not forgive our brother completely? (And that means not with the attitude: I will forgive but not forget). These tormentors can be sicknesses: nervous disorders, migraine headaches, heart attacks, sleeplessness, stomach ulcers, cancer, asthma, etc. And our prayer or the prayers of other believers for us are of no avail, because we continue fostering grudges and unforgiveness in our hearts.

God is Love and love cannot work in and through us if we are filled with hatred. Hatred and bitterness are like a dam wall. God desires His Holy Spirit to flow through us to heal and restore us, but we are blocking Him with sensitivity to old wounds of hatred which we sometimes hang on to over a period of many years in our relationships with others.

But there is no time like the present to get these matters straightened out. Let's close the door to unforgiveness and change our lives from failure to success. Firstly: to forgive is NOT A CHOICE it is a COMMAND from the Lord, then only can we claim all His blessing and promises as written in His Word. Secondly: to forgive is NOT AN EMOTION but an ACT OF YOUR WILL – YOU CHOOSE to forgive whether you feel like it or not!

If there are any people you know of whom you need to forgive, let's pray together right now. Pray out aloud:

Heavenly Father, You know I have a tremendous dislike for …….. and even hate him. I know that is a sin. I pray now, in the Name of Jesus, that You will forgive me and wash me clean from this sin in the Blood of Jesus. I CHOOSE to forgive …….. whether he deserves it or not. You have forgiven me so many times. Your Word says that you have shed love abroad in our hearts by your Holy Spirit. This very moment I believe by faith that you enable me to love …….. and as I confess it with my mouth, it will manifest. Thank you Father, that I am not FREE from the bondage of unforgiveness and Satan has no longer the legal right to torment me. Amen.

If you feel led, pray blessings over this person: the saving of his soul, good health, prosperity. Now ACT according to the love that the Holy Spirit has poured out in your heart: if this person is far away, write him a letter and tell him how God has led you along His ways and that you want to forgive the past and just love him. Perhaps this person lives in your street: pay a visit and share God's dealings with you, with him or her if it is your neighbour,

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Therefore if thou….)

bake her a cake, or it may be the butcher, ask him over for a meal. Just ask the Holy Spirit to guide you, and become a channel of blessings.

You will find that by loving and blessing those whom you didn't want to have anything to do with previously, YOU WILLL BE UPLIFTED AND BLESSED THE MOST. You see, you have now broken the bondages of unforgiveness with which Satan has had you in his power over the years. To forgive someone is therefore not so much to their advantage but much more to your own!

I would like to emphasize again that you must not rely on a feeling after this cleaning up operation – it might come, it might not. But it does not change the fact that You have been OBEDIENT to God and have forgiven as He expected of you. You may have chosen against your feelings in your walk with the Lord! If you are OBEDIENT to the Bible, even though you do not feel like doing it, God honours this and brings your feelings in line with what you have WILLED to do. Phil. 2:13:

For it is God which worketh in you both to will and to do His good pleasure.

Sometimes it happens it happens that we carry unforgiveness or a grudge against somebody which we are not even conscious of, somebody we might have forgotten. From our school days or childhood. It is buried in within us, but because of this unforgiveness still clinging to us, God cannot work a miracle for us. Also remember that sin in any form ties the Hands of God so that He is bound by His word and cannot answer our prayers: God and sin are opposed!

I want to suggest that you go to your room as soon as you have a quiet time, and just be still in the presence of the Lord. Ask Him to show you by His Holy Spirit and person against whom you may still have unforgiveness – He is faithful and will bring such a person to mind. Be practical, and pray the forgoing prayer about each person that the Lord shows you.

Take enough time and open your heart completely before the Lord. This cleaning process will be absolutely WORTH YOUR WHILE because God will be able to let His love flow through you – you will become a blessing to others and YOU WILL BE BLESSED! ●

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, Rek. No 53730091667, Tal Kode: 220129, Stanger.



UIT ONS KANTOOR

Geliefde in Jesus,

Weereens staan ons aan die begin van ‘n nuwe jaar, die jaar 2015. Dit vul ons met opgewondenheid, want ons is nog ‘n jaar nader aan die wederkoms van ons Here Jesus Christus, maar ook met kommer omdat soveel die Here net met die verstand en nie met die hart aangeneem het nie.

Hoe kan enigeen so naby kom en tog aan die einde hoor dat die Here sê: “ Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My?”

Dit sal egter vandag die vreeslike resultaat wees van baie in ons kerke wat verklaarde Christene is, dikwels met verantwoordelike posisies, maar wat net met hul verstand die Here Jesus Christus aanvaar het. Hoe tragies dat selfs leermeesters, predikers en godsdienstige werkers nie uitgesluit is van die moontlikheid van hierdie skrikaanjaende aanklag nie.

Die afstand tussen die kop en die hart is 45cm. Ongelukkig dat kop kennis van die Here Jesus Christus, wat ten volle weet en verstandelik die verlossingsplan aanvaar, maar sonder dat die hart ook aanvaar wat die persoonlike verhouding wat die Bybel beveel bring, niks vir enigiemand beteken nie.

Luister na Paulus se hartsuitroep aangaande Israel wanneer hy onder die leiding van die Heilige Gees spreek: “Want ek getuig van hulle dat hulle ‘n ywer vir God het, maar sonder kennis” (Rom.10:2). Hy het gepraat oor verkeerd gerigte, pogings, energie bestee in die krag van die vlees, maar nie onder die leiding van die Heilige Gees nie. Die geen krag wat vandag in baie van ons kerke, asook in die lewens van baie belyde Christene voorkom, kan hieraan toegeskryf word.

Dit is slegs wanneer ons onsself in die spieël van God se Woord sien; sonder verskoning en sonder hoop, volkome verlore en onklaar dat die waarheid van die Skrif ons oortuig, want die Bybel openbaar duidelik dat dit is hoe God die mens sien.

Dan, wanneer die waarheid van die evangelie bloei, roep ons na God uit om vergifnis en hulp en Hom te vra om in ons harte te kom, nie in ons verstand nie en ondervind ons die nuwe geboorte.

Jesus Christus het gesê: **“Ek is die weg, die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Joh. 14:6).**

Die Bybel sê ook vir ons dat : “Hy wat die Seun het het die ewige lewe, wie die Seun van God nie het nie het nie die ewige lewe nie. ”

Verder belowe die Bybel: “**As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding ” (Rom. 10: 9-10).**

Christus wil jou hart hê, nie net jou verstand nie.

Dit is van die uiterste belang dat jy seker maak dat dit nie net kop kennis en verstandelike instemming is wat jy aan Jesus Christus gegee het nie. Hy benodig die totale oorgawe van jou hart en lewe sodat jy werklik wedergebore kan wees. Vyf en veertig cm kan ‘n ewigheid met Christus of ‘n ewigheid sonder Christus wees. Is jy seker van jou persoonlike verhouding met Hom?

Waarom nie nou dadelik, eens en vir altyd, hierdie vraag in jou hart regmaak nie?

Die enigste deel van die Bybel wat vir jou sal werk is die deel wat jy binne-in jou het.

Onthou – Die Woord van God voed en bou jou op oppad IN en verander omstandighede op die pad UIT jou hart en mond. Of ons kan dit op die manier stel; die Woord van God beïnvloed jou gees op die pad in, en beïnvloed jou liggaam op die pad uit. Laat ons slegs God se Woord spreek.

Mag die Here julle ‘n wonderlike tyd van vrede, rus en blydskap saam met julle familie hierdie vakansietyd gee en julle op die paaie bewaar. Ons bid vir julle dat God ryklik in al julle behoeftes sal voorsien.

Baie liefde van ons almal by die Sentrum in die wonderlike Naam van ons Here Jesus.

Meg en die Gebedspan

Ons God van wonderwerke..

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Liewe Dr James,

Ek was by ‘n oftalmoloog wat my oë ondersoek het en bevestig het dat ek in my onderste ooglid kanker het. Die dokter het vir my na ‘n professor by Tygerberg Hospitaal gestuur. Ek het u geskakel en gevra dat u vir my bid. Die professor het my ondersoek en meegedeel dat daar geen kanker in my ooglid is nie, maar ‘n bietjie infeksie. Ek gee al die eer aan ons Vader in die hemel. Baie dankie vir u gebede. Baie liefde.

Mev I Myburgh, Welgedacht

Beste Dr James,

Ek wil net weereens ‘n gebedsverhoring met u deel. Inge Lize het toe ‘n wonderlike onderwyspos gekry, in die skool waar sy skoolgegaan het en naby haar ouerhuis. Ons loof ons hemelse Vader vir Sy getrouheid. My seun se allergie is ook genees. Baie , baie dankie, dat julle vir ons instaan in gebed. Ons aanbid ‘n wonderbare Here. Mag u en Meg en die hele Sentrum ryklik geseënd wees. U is almal so kosbaar vir ons.

Groete

Leta Barry, Robertson

Liewe Dr James,

Ek was by ‘n oftalmoloog wat my oë ondersoek het en bevestig het dat ek in my onderste ooglid kanker het. Die dokter het vir my na ‘nprofessor by Tygerberg Hospitaal gestuur. Ek het u geskakel en gevra dat u vir my bid. Die professor het my ondersoek en meegedeel dt daar geen kanker in my ooglid is nie, maar ‘n bietjie infeksie. Ek gee al die eer aan ons Vader in die Hemel. Baie dankie vir u gebede. Baie liefde

I Myburgh, Welgedacht

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

VERKLAAR GOD SE WOORD OOR JOU SITUASIE

Ps. 91: 2: Ek sal tot die HERE sê: “My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou”.

Toe ‘n groot storm aangebreek het toe Jesus en Sy dissipels in ‘n boot op die See van Galilea was, het Hy nie vir Sy dissipels gesê: **“Die storm is hier om ons dapperheid te leer.”** nie. In plaas daarvan het Hy gesag oor die storm geneem en gesê: **“Swyg, wees stil!”** En daar het ‘n groot stilte gekom (Mark. 4: 39).

Toe Hy die weduwee van Nain, wie se enigste seun gesterf het, ontmoet het en by ‘n ander geleentheid, die twee susters wie se broer Lasarus gesterf het, het Hy nie vir hulle vertel : **“God wou hom huis toe neem”** nie. Nee, Hy het met die seun wat dood was gepraat: “Jong man, ek sê vir jou, staan op!” (Luk. 7:14). En buite Lasarus se graf het Hy gesê: “Lasarus, kom uit!” (Joh.11:43). En al twee mans het lewendig geword.

Wat het jy oor jou situasie gesê?

Wanneer jy pyn in jou liggaam voel, moenie van die Here sê: **“God wil hê ek moet siek wees om my te leer om Hom meer te vertrou.”** Sê eerder: **“Here Jesus, ek dank U dat ek deur U wonde genees is” (1 Pet. 2:24).**

En terwyl jy probeer om kop bo water te hou, moenie van die Here sê: **“Die Here hou my arm om my nederig te hou ”**. Sê eerder: **“Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie” (Ps. 23:1).**

Ons leef in die laaste dae waar daar terroriste aanvalle en dodelike virusse oral verskuil lê, en die wêreld is bang. Ons sal egter nie negatiewe woorde spreek nie en vreesbevange soos die mense van die wêreld wees nie. In plaas daarvan sal ons God se Woord spreek en oor hierdie dinge heers. Soos die psalmis sal ons van die Here sê: **“Hy is my skuiling en my bergvesting; my God op Wie ek vertrou ”.**

Vind dus uit wat God se Woord sê oor jou situasie, glo dit en verklaar dit. En omdat God se Woord nie leeg na Hom terugkeer nie (Jes.55:11), sal jy sien dat dit gebeur wat jy glo en bely!

Gedagte vir die dag:

Verklaar God se Woord en heers oor die dinge waarvoor die mense van die wêreld bang is. Amen.